

24 Oktober 2021

FAMILIE TUISBLAD



Markus 10: 46-52

Geloofsoë

Het jy al die uitdrukking gehoor... "die skille het van sy oë afgeval" of hy het met "nuwe oë" na iets gekyk? Dit is natuurlik nie 'n letterlike uitdrukking nie, maar 'n figuurlike sê-ding. Gewoonlik is dit wanneer iemand iets op 'n nuwe manier sien, byvoorbeeld iemand raak verlief op 'n persoon wat hulle al lank ken, of iemand sien die potensiaal in 'n ou huis raak wat hulle dan besluit om op te knap. Kan jy aan iets dink wat jou verras het toe jy met "nuwe oë" anders daarna begin kyk het? Hierdie week se teks herinner ons daaraan dat Jesus ons help om met "geloofsoë" te kyk om sy teenwoordigheid in ons lewe te herken.

Lees: Markus 10: 46-52 Jesus genees die blinde Bartimeus

Gesels:

- Hoe dink jy het Bartimeus geloof gehad in Jesus, al kon hy Hom nie sien nie?
- Hoekom wou die ander vir Bartimeus stil maak? Hoekom dink jy het hy aangehou roep?
- Hoe sou jy reageer as jy Bartimeus was en dié wonderwerk beleef het?
- Vertel van 'n keer toe jy Jesus raakgesien het of ervaar het in jou lewe.

Bid: Gebruik speelgoed om saam te dink en bid oor God se betrokkenheid in ons lewe, byvoorbeeld 'n teddie (dankie dat God mense gebruik om vir jou drukkies te gee en te sorg); blokkies (dankie vir 'n huis en veiligheid); 'n bal (dankie vir talente en sport); 'n musiekinstrument (dankie vir musiek om God mee te loof); boeke (dankie vir stories wat ons inspireer); karretjies (dankie vir die plekke wat ons kan besoek), ens.

Doen: Laat elke gesinslid 'n lied waarvan hul baie hou (geestelike lied of sekulêr) kies. Luister saam daarna en google die lirieke. Gesels oor die betekenis. Gesels oor hoe God betrokke is by mense se ervarings van die lewe.

Luister hierdie week na nog oordenkings oor **geloof en die verhaal van Bartimeus** op die **DinkJeug Familie App**.

Laai die app gratis hier af:

Google Play: <https://play.google.com/store/apps/details?id=com.dinkjeug.dinkjeugapp&hl=en>

Apple iStore: <https://apps.apple.com/za/app/dinkjeug-families/id1504077715>

Vir meer hulpmiddels om jou hele bediening weekliks met dieselfde teksgedeelte te belyn, besoek NOUS by www.nous.org.za